Leeuwenhof Akademie

WELPIENUUS

Nuusbrief 19 20 Junie 2017

Saamgestel deur Wilna van Rooyen
083 454 2843
wilnav@leeuwenhof.co.za

In hierdie uitgawe:

Bl. 1 Leer speel-speel
Vervolg
Bl. 2 Brief aan pappa
Speel is leer
Revue
Bl. 3 Belangrike datums
Reses
Junie en Pa's

Leer speel-speel: Oorgeneem uit *rooi rose Julie 2017*

Kinders speel nie meer genoeg aktief buite en alleen nie. Ouers en opvoedingsinstellings is soms so obsessief ingestel op akademiese sukses en skoolgereedheidsvaardighede, dat speeltyd agterweë bly. En die gevolg is dat die ontwikkeling van kinders se sensoriese, emosionele en sosiale vaardighede skade ly. Soveel ouers hoor reeds in Gr. 0 dat hul kinders se intellektuele vaardighede bogemiddeld toets, maar hul sukkel om stil te sit en te konsentreer, hul raak maklik gefrustreerd, oorgestimuleer of angstig en sukkel met motoriese en sosiale vaardighede. Dis kommerwekkend dat al meer kinders emosionele terapie en arbeidsterapie vir sensoriese en motoriese vaardighede nodig het.

Vervolg:

Speel is kinders se eerste leerskool en die natuurlikste en noodsaaklikste deel van hul ontwikkeling. Dis hul oefening om volwassenes te wees. Hulle skep, leer en verken hul wêreld op 'n manier wat hulle kan hanteer en hulle oorkom en hanteer hul frustrasies en vrese op die manier. So ontwikkel hul noodsaaklike vaardighede en selfvertroue.

Speel is leer! En speel-speel leer is pret!

Die kleintjies van alle soogdiere speel as 'n manier om die vaardighede te leer en te oefen wat hulle nodig het om te kan oorleef. In teenstelling met passiewe tydverdrywe soos TV kyk of elektroniese speletjies, ontwikkel aktiewe spel gesonde en aktiewe liggame.

Skrape en kneusplekke behoort statussimbole te wees! Deesdae beskerm ouers hul kinders van babadae af teen fisieke of emosionele ongemak, seerkry of frustrasie. Met babamonitors word verseker dat hul nie moet huil nie, hul word elke oomblik gemonitor en vermaak, sodat hulle dit later nie self kan doen of kan waag nie. *Vervolg op p 2*

Brief aan 'n pappa, van 'n jong seuntjie af:

Ek is lief vir pappa en ons het vir pappa 'n verrassing? Ek is baie bly pappa is my pappa. Ons familie is baie lief vir pappa. As ons by die tafel eet dan eet ons baie lekker saam. Pappa is die beste in die wêreld. Pappa en mamma is soo goet vir ek en Johandie. Dus hoe lief is ons vir Pappa. ♡ ♡ Kyk net hoe. Pappa is ook baie lief vir ons.

Aldus Juan Kriel, 'n paar maande gelede. (Ongeredigeer)

'n Pappa bly onvervangbaar belangrik in elke kindjie se lewe. Baie dankie vir die liefdevolle dissipline wat ons pappas toepas, vir die belangstelling in ons kinders en die onvoorwaardelike liefde.

Speel is leer, vervolg:

Kinders hoor gereeld: Moenie jou klere bemors nie, pasop, stadig, versigtig, jy gaan val! Dit doen meer skade as goed, want dit beperk hul waagmoed, selfvertroue en ander vaardighede wat hulle juis vir akademiese en lewensukses benodig. Wanneer kinders vandag aan speel dink, dink hul ongelukkig dadelik aan speelgoed en nie meer aan aktiwiteite en sosiale interaksie nie.

As ouers werklik met kinders speel, versterk dit hul verhouding en kinders ervaar dat hulle ware aandag en liefde kry. In spel praat selfs minder verbale kinders makliker en gee uitdrukking aan hul emosies en ervarings. Hul ouers verstaan hul beter en kan hulle in hul emosionele en sosiale ontwikkeling steun. Speel is die deel van gelukkige kinderdae, wat kinders onthou, nie allerhande klasse nie. Maar al minder tyd word tuis, in kleuterskole en skole aan vrye en verkennende spel afgestaan. *Anys Rossouw, Opv. Sielkundige* Vervolg volgende week.

Revue 2017:

Van 5 Julie af , tot 8 Julie, word die Hoërskool Revue in die Hoërskoolsaal aangebied.

Daar is al baie hard geoefen vir hierdie onvergeetlike gebeurtenis en ons kan elkeen met vrymoedigheid nooi om na die produksie te kom kyk!

Nooi gerus familie en vriende ook, maar maak gou, kaartjies raak al hoe skaarser!

Moenie hierdie wonderlike geleentheid misloop nie—spyt kom altyd te laat!

Belangrike datums:

21 Junie:	Ooi en lam besoek ons
23 Junie:	Skool sluit **12:00** vir reses Busse ry net na 12:00 en resesskool begin
3 Julie:	Skool open, na reses
4 Julie:	Gr. 0 Revue—14:00-16:00
5-8Julie:	Hoërskool **Revue!!!**
14 Julie:	Wieledag **Gr. 000 en 00**
19 Julie:	Die brandweer besoek ons
21 Julie:	Wieledag **Gr. 0**
27 Julie:	Kunsuitstalling Ouermiddag—verslae word uitgedeel

Reses—23 Junie:

Ons skool sluit Vrydag 23 Junie om 12:00, vir die Junie reses en open weer op 3 Julie. Ons wens ons maatjies en personeel 'n heerlike ruskansie toe en hoop dat elkeen dit sommer baie sal geniet en ook weer met hernude ywer sal terugkeer, om die laaste deel van die tweede termyn met algehele entoesiasme aan te pak!

Die busse vertrek net na 12:00 en die reses-skool begin ook net daarna.

Junie is die maand vir pa's:

My pa het my nie lesse gegee oor hoe om te lewe nie. Hy het net gelewe en ek het hom dopgehou en só alles geleer van geloof, integriteit en lewenswysheid. *CB Kelland*

Een pa is meer werd as honderd skoolmeesters. *G Herbert*

Dit is makliker om kinders se karakters te bou as om groot-mense se gewoontes te buig. *RC Halverson*

Ons is so dankbaar oor ons pappas by ons skool, wat genoeg omgee vir hul kinders om werklik betrokke te wees by hul doen en late. Ons is trots op ons pa's!

Baie dankie!

Vriendelike groete!

Wilna van Rooyen.